

BOEKRESENSIE

JC Steyn, **Penvegter: Piet Cillie van die Burger**. Tafelberg, Kaapstad (hardeband, 397 pp), 2002 (R179,95)

In hierdie boek lewer Jaap Steyn 'n aangrypende beeld van een van die legendariese rolspelers in die Afrikaanse perswese. Dit ly geen twyfel dat Steyn weereens 'n belangrike bydrae tot ons politieke geskiedenis verskaf het nie. 'n Behoorlike begrip van die politieke dinamika en strominge in die jare 1945 tot 1977 sal doodeenvoudig nie sonder kennismaking met Steyn se boek bereik kan word nie.

Die bedoeling met hierdie resensie is nie om hierdie onaanvegbare stelling, met behulp van die magdom inligting in sy boek, te probeer toelig nie. Ek wil egter 'n perspektief uitlig wat na my mening nie in die boek tot sy reg kom nie. Dit het betrekking op Steyn se hantering van die aard van Cillie se rol as onafhanklike politieke kommentator en sy bydrae tot vernuwende denke onder sy lesers. Hierdie punt kan aangeknop word by die hoofstuk wat handel oor Cillie se botsing met dr. Verwoerd oor die kleurling in 1960.

Hier wys Steyn, heel tereg, op die moed wat Cillie gehad het om swaarde met die magtige Verwoerd te kruis. Maar hy gaan te ver wanneer hy na aanleiding hiervan beweer dat Cillie dusdoende "...die selfstandigheid van **Die Burger** bevestig [het]".

Getuienis omtrent wat voor en na hierdie insident gebeur het en wat nie na behore in Steyn se verhaal uitkom nie, plaas Steyn se gevolgtrekking oor Cillie se onafhanklikheid onder verdenking. Die volle verhaal van Cillie se redakteurskap - soos beliggaam deur sy hoofartikels in **Die Burger** - maan tot versigtigheid om, op grond van genoemde botsing met Verwoerd, Cillie se selfstandigheid te bevestig; en ewe min sy historiese rol as vernuwende denker of, soos Alex Mouton, 'n ander resensent van Steyn se boek (**Beeld**, 1 Julie 2002, hom (Cillie) noem, "'n belangrike wegbereider vir die nuwe Suid-Afrika". (Terloops, dit is deesdae 'n algemene neiging, meesal onoortuigend, om op grond van karige getuienis die status van "kampvegter vir verandering" aan allerlei meningsvormers uit die apartheids-tydperk toe te ken.)

Daar is, byvoorbeeld - veral wat stemreg en politieke mag betref en in teenstelling met sy vrae oor hysbak-tipe klein apartheid - bitter min, indien enige, kommentaar in Cillie se hoofartikels te vind wat van die hoekstene van amptelike regerings-

beleid afwyk. Alternatiewe toekomsvisies wat enigsins onverdeelde blanke mag sou aantas, is tot aan die einde van sy redaksionele loopbaan in 1977, nie deur Cillie verwoord nie.

Wat die swartes betref, skryf hy, "is die hele pad van ontvoogding as 't ware uitgestippel ... met aparte territoriale vryheid in Bantoestate. Dit is 'n moreelbevredigende konsepsie..." (26 Oktober 1963).

Ook wat die kleurlinge betref, het Cillie na sy botsing met Verwoerd gou weer in gelid gekom. Binne twee weke nadat Verwoerd op 24 November 1960 in 'n onderhoud met **Die Burger** sy vraag oor die moontlikheid van kleurlinge as parlementslede uit die pad geeve het, skryf Cillie op 10 Desember: "Agter die positiewe ontwikkelingsprogram vir die bruin-mense wat die eerste minister [Verwoerd] vandeeweek aangekondig het, kan die verenigde wil van die Nasionale Party ingewerp word. Hier is praktiese opheffende maatreëls van onmiddellike belang wat 'n debat oor uiteindelijke verhoudings en bestemmings minder dringend laat lyk."

Later herhaal hy dieselfde ondersteunende tema: "Daar kom vir die kleurlinge nuwe regte en verantwoordelikhede op die gebied van plaaslike bestuur en, ook deur 'n Kleurlingraad wat opnuut saamgestel word ... in sekere sake van die gemeenskap as geheel" (26 Oktober 1963). Sodanige stellings, as getroue weerspieëlings van Nasionale Party-beleid, verskyn daarna gereeld in sy rubrieke, byvoorbeeld in 1965: "Die idee van afsonderlike ontwikkeling sal onder die kleurlinge en Indiërs ingedra moet word ..." (21 Mei 1965). En ook in 1971, te midde van 'n oplewing in die debat oor kleurlingregte: "Die Nasionale beleid van parallelle ontwikkeling tree aansienlik versterk uit die besprekinge van die laaste tyd." (14 Augustus 1971).

Wat ook beseft moet word is dat Cillie se standpunt oor die kleurlinge in 1960 slegs neergekom het op die moontlikheid van die vervanging deur kleurlinge van die vier blanke LV's en twee wit LPR's wat verkies is deur kleurlinge op die afsonderlike kieserslys vir kleurlinge in die Kaapprovinsie. Hierdie afsonderlike kieserslys het in 1956, met sterk ondersteuning van Cillie, die vorige gemeenskaplike kieserslys vir blankes en kleurlinge in die Kaap, vervang; eintlik was dit slegs kleurlingmense wat aan sekere stemregkwalifikasies voldoen het, wat kon stem; 'n beperking wat in die geval van blankes vroeg in die dertigerjare opgehef is.

Cillie het egter terstond streng gewaarsku dat, sou "verteenwoordiging van kleurlinge en witmense deur kleurlinge" toegelaat word, "is dit tot siens met alle hoop op goeie verhoudinge" (26 November 1960).

Elf jaar later sou hy nog volhard met waarskuwings oor die "dodelike gevare" (14 Augustus 1971) van gelyke stemreg vir wit en bruin mense en van die "ongekende politieke ontwrigting en rassestryd" waaraan "beskikbare alternatiewe vir parallelle ontwikkeling" die land sou blootstel (10 Augustus 1971). Mense wat dit nie wil besef nie, openbaar 'n "byna kinderlike naïwiteit ...". Die "ontwrigtende en uitmeekaarskeurende moontlikhede van 'n gemeenskaplike stemreg vir blank en bruin ... is in ons kolomme oor en weer uitgespel ..." (28 Augustus 1971).

En slegs vyf jaar later, in 1976 - teen die agtergrond van die rookwolke in Soweto (later dieselfde jaar volg die vlamme en bloedvergieting vanweë kleurlingwoede en protesaksies in die Kaap) - lewer die Vorster-regering se Erika Theron-kommissie 'n verslag wat Cillie se jarelange ondersteuning van die beginselbasis van, soos hy dit gestel het "parallelle ontwikkeling...of in die woorde van mnr. P.W. Botha; goeie buurskap met behoorlike grenslyne" (3 Desember 1960), fundamenteel bevrage teken (ironies dat 'n "veilige" kommissie - die meerderheid van die kommissarisse was ondersteuners van die Nasionale Party - toe **Die Burger** sou vooruitloop).

Na die Theron-kommissie skryf Cillie dat die kleurlinge behoort te besef dat "sonder die voorwaartse beweging wat in 1960 begin het" (klaarblyklik bedoelende onder andere die Nasionale Party), sou hulle nie by die punt van die Theron-aanbevelings uitgekom het nie. Die empiriese rekord (soos onder meer deur die bevindings van die Theron-kommissie bewys) reflekteer daarteenoor eerder sestien jaar van skeiding-beheptheid tot nadeel van bruin mense se belange, onbeskaamde blanke-bevoorregting en versuring van die verhouding tussen wit en bruin mense.

Daar bestaan geen twyfel nie dat Piet Cillie, soos deur Steyn se boek beaam word, as 'n doyen van die Afrikaanse perswese gereken moet word. Sy diamant-harde intellek, onopgesmukke gebruik van Afrikaans en sy vermoë om wollige teenargumente te ontbloot, het van hom 'n merkwaardige "penvegter" (soos Steyn hom beskryf) gemaak. Diegene wat met hom verskil het, sal meesal toegee dat sy briewekolomme, in 'n veel ruimer mate as by ander Afrikaanse koerante, vir hulle oopgestel is. Onder sy redakteurskap is daar ook 'n ooreenkoms met die **Cape Times** aangegaan om hoofartikels met **Die Burger** uit te ruil.

Dit is ook tot sy eer dat hy nie, in teenstelling met die benadering van sommige van sy mede-Afrikaanse redakteurs, in sy hantering van die verhoudingspolitiek oordrewe rasse-emosies ingespan het nie. So byvoorbeeld, het **Die Transvaler** in 1971 (onder redakteurskap van Carel Noffke) opponente van "parallelle ontwikkeling" afgemaak as voorstanders van "die glyproses van biologiese integrasie" **Die Transvaler**, 31 Julie 1971). Cillie sou 'n afkeer hiervan gehad het; sy sterk af-

keurende reaksie toe minister De Wet Nel in 1960 dieselfde beskuldiging aan sy deur gerig het, getuig hiervan (3 Desember 1960). Sy negatiewe siening van Andries Treurnicht (redakteur van **Hoofstad** in die sewentigerjare) se politiek is vir mense wat hom geken het, geen geheim nie.

Hierteenoor het hy min geduld gehad met andersdenkendes wie se idees, na sy mening, nie die beperkte beweegruimte vir verandering wat deur die "praktiese politiek" gestel is, wou erken nie. Dat sulke mense hulle in 'n "utopiese droomwêreld" (26 Augustus 1971) begewe, was 'n herhalende tema in sy artikels. Sy raad aan hulle was: As die Afrikaners/blankes nie jou idees aanvaar nie, maak jy jouself irrelevant tot ernstige deelname aan die politieke debat en sal jy min simpatie in my rubrieke ervaar.

Steyn noem dat Cillie teen die einde van sy lewe sy verhouding met die Nasionale Party as een van "konstruktiewe kritiek, lojale verset en verkennende denke" beskryf het. Maar of hierdie credo, soos hierbo aangetoon is, in die praktyk gerealiseer het, is te betwyfel. Soos ook die geval met verreweg die meeste Afrikaanse meningvormers, wou of kon hy nie bo die verdowende politieke swaartekrag en konformisme van sy tyd uitstyg nie.

Steyn noem self dat Cillie na sy botsing met Verwoerd in 1960 nie in dieselfde mate 'n kritiese stem teen die Nasionale Party-beleid verhef het nie. Hy stel die saak hiermee egter te "sag" en daar kan op hierdie punt met reg gevra word of hy werklik daarin slaag om Cillie se basiese redaksionele identiteit as 'n getroue "partyman" en lojale apartheid-ondersteuner by sy lesers tuis te bring.

Pierre Hugo (Emeritus professor en navorsingsgenoot: Departement Politieke Wetenskappe, Unisa).